higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Eerste Vraestel)
**NKR VLAK 3**

(4101053)

**5 Maart 2018 (Y-Vraestel)**
**13:00–15:30**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**TYD: 2½ UUR**
**PUNTE: 150**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Lees en kyk | 40 |
| AFDELING B: Opsomming | 10 |
| AFDELING C: Visuele tekste | 30 |
| AFDELING D: Taal in praktyk | 40 |
| AFDELING E: Kommunikasie in praktyk | 30 |
| GROOTTOTAAL: | 150 |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop tussen elke antwoord.

6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEES EN KYK

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande tydskrifartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**VERSLAAF AAN DIE SLIMFOON?**

deur Ilse Salzwedel

**Slimfone is wonderlik, maar ook 'n pes. Dit hang af van hoe jy dit gebruik.**

1. Dr. David Greenfield, Amerikaanse sielkundige en skrywer, sê slimfone is potensieel verslawend. Soos met ander verslawings, skryf hy, het die gebruiker meer en meer daarvan nodig, anders tree onttrekkingsimptome in. Hy verduidelik dat rekenaaraktiwiteite (en dus ook slimfone) verslawend is omdat dit 'psychoactive' is – dit beteken dat dit ons sekere emosies kan laat voel.

2. Ouers lees hierdie artikel om raad te kry omdat hulle kinders aanhoudend op hulle selfone besig is. Uit hierdie artikel blyk dit duidelik dat daar nie net 'n gevaar vir kinders by die gebruik van slimfone is nie, maar ook vir volwassenes.

3. Wie onthou nog die dae vóór Blackberry en Apple iPhone? Die goeie ou tye toe jy kon sê jy het nog nie die e-pos ontvang nie, want jy is nie naby jou rekenaar nie. Toe kom die slimfoon en jou e-pos is dadelik beskikbaar. Facebook met al jou vriende se boodskappe, ekonomiese aanwysers, weervoorspellings, musiek, die jongste wêreldnuus, foto's en en en …

4. Ongelukkig het slimfone 'n baie verslawende faset. Het jy al 'n paar tieners dopgehou wat by mekaar sit. Of wat bymekaar, maar doof vir mekaar, sit en musiek luister, elkeen met 'n eie slimfoon in die hand en oorfone in die oor? En boonop besig om te *Facebook* of te *WhatsApp* dat jy net duime sien beweeg?

5. Slimfoonverslawing is 'n wêreldwye neiging. *Ofcom*, 'n Britse telekommunikasie-reguleerder, het vroeër vanjaar navorsing oor slimfoongebruik in die Verenigde Koninkryk bekend gemaak. Een uit elke drie volwassenes en 60% van tieners het erken hulle is verslaaf aan hul fone. Meer as die helfte van volwassenes (51%) en 65% van tieners het erken hulle gebruik hul slimfoon terwyl hulle sosialiseer met ander, met byna 'n kwart van die volwassenes (23%) en 'n derde van die tieners (34%) wat hul slimfone tydens etes gebruik.

6. Martin Lindstrom, ‘n skrywer, het navorsing gedoen om te bepaal of selfone so verslawend is soos alkohol, kokaïen, inkopies of videospeletjies. Lindstrom se gevolgtrekking? Vir baie mense is hulle iPhone hul beste vriend, maat en ja, selfs Valentyn. Die man of vrou vir wie jy lief is, sit oorkant jou, maar sy of haar 16 GB-mededinger is in jou binnesak, langs jou hart. My raad? Sit af jou iPhone, gesels met mekaar en vind liefde en deernis op die outydse manier.

7. Nellie Prinsloo, 'n kliniese sielkundige van Alberton, sê ouers kan selfoonverslawing by kinders keer. Hier is raad:

- Maak reëls, soos selfoonvrye gesinstyd of kuiertyd en verbied selfone aan etenstafel. So skep jy sekuritiet en balans in sy lewe.
- Leer jou kind selfdissipline deur hom te leer dat 'n selfoon niemand se baas mag wees nie.

Ouers en kinders: Moenie toelaat dat 'n selfoon julle kosbare gesinstyd steel nie!

[Aangepas uit: *Rooi Rose*, Desember 2011]

**VRAE:**

1.1 Hoekom is die opskrif van die artikel in vraagvorm effektief? (1)

1.2 Lees die subtitel.

Gee TWEE aparte woorde wat die opinie oor die slimfoon beskryf. (2)

1.3 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is? Staaf die antwoord deur 'n sin uit die leesstuk aan te haal.

Hierdie artikel se teikenmark is ouers van tieners. (2)

1.4 Word hierdie artikel subjektief of objektief aangebied? Staaf die antwoord. (2)

1.5 Uit watter bron is hierdie artikel aangepas? (1)

1.6 Wat is 'n verslawing volgens Dr. Greenfield? (1)

1.7 Hoekom dink jy is die woord 'psychoactive' in paragraaf 1 in aanhalingstekens geskryf? (2)

1.8 Is hierdie artikel die nuutste navorsing oor slimfone? Staaf die antwoord. (2)

1.9 Dui aan of die volgende stelling 'n feit of opinie is en gee 'n rede vir die antwoord.

Selfoonverslawing is 'n wêreldwye probleem. (2)

1.10 Haal 'n frase uit paragraaf 3 aan wat sê dat daar beter tye vóór slimfone was. (1)

1.11 Waar en deur wie is statistiese navorsing oor die verslawing van selfone gedoen? (2)

1.12 Noem TWEE geleenthede waar tieners se gebruik van selfone problematies is. (2)

1.13 Verskeie opsies word as moontlike antwoord op die volgende vraag gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.13) in die ANTWOORDBOEK neer.

'maar doof vir mekaar' (paragraaf 4) in hierdie konteks beteken tieners …

A het ernstige gehoorprobleme.
B hou nie van mekaar se musiek nie.
C het swak kommunikasievaardighede.
D skree so hard saam met die musiek hulle raak doof. (1)

1.14 Kan die leser 'n les uit Lindstrom se navorsing leer? Staaf die antwoord. (2)

1.15 Slimfone het net negatiewe invloede op mense se lewens.

Bewys dat hierdie stelling NIE waar is nie. (1)

1.16 Noem TWEE lewensvaardighede wat ouers vir hul kinders kan leer as daar reëls vir die gebruik van selfone is. (2)

1.17 Hoe kan die inligting in hierdie artikel waardevol wees? (1)

1.18 Is die vraag in die opskrif van die artikel aan die einde van die artikel beantwoord? Staaf die antwoord. (2)

1.19 Wie is die skrywer van hierdie artikel? (1)
**[30]**

NCV

**VRAAG 2: E-POSBOODSKAP**

Lees die onderstaande e-pos aandagtig deur en beantwoord die vrae.

| | |
|---|---|
| **AAN:** | bestuurder@cellphonelink.co.za |
| **CC:** | cellphonelinkheadoffice@gmail.com |
| **ONDERWERP:** | SWAK DIENS BY SELFOONWINKEL |
| **BOODSKAP:** | Geagte Bestuurder<br><br>Ek wil graag die volgende onder u aandag bring. Ek was verlede week in u winkel en wou graag my selfoonkontrak opgradeer. Drie assistente het rondgestaan en gesels. Na twee probeerslae, is ek deur die derde assistent gehelp. Ná 'n tegniese probleem van ongeveer 15 minute was die stelsel gereed, maar nou kon die assistent nie die vorige kontrak op my identiteitsnommer opspoor nie. Ná nog 10 minute kon die proses begin. Nadat al die dokumentasie voltooi is, moes ek uitvind dat die winkel nie voorraad het nie en my nuwe foon nog bestel moet word. Ek wag nou al 'n week en u assistent het my nog nie gekontak nie.<br><br>Kan u dringend aandag gee aan hierdie saak en my asseblief kontak?<br><br>Mev. Dube<br>061 325 0078 |

**VRAE:**

2.1 Aan watter maatskappy is hierdie e-pos gestuur? (1)

2.2 Wie is die sender van die boodskap? (1)

2.3 Is jy oortuig deur die geloofwaardigheid van die sender se e-pos? Staaf jou antwoord. (1)

2.4 Watter rol kan die bestuurder van die maatskappy speel? (1)

2.5 Gee EEN rede waarom 'n e-pos 'n effektiewe manier is om 'n klagte in te dien. (1)

2.6 Hoekom is daar 'n selfoonnommer ook in die e-pos? (1)

2.7 Watter TWEE klagtes dui op swak diens? (2)

2.8 Hoekom dink jy is dit belangrik om swak diens aan te meld? (1)

2.9 Skryf EEN sin neer waarin jy beskryf hoe jy oor swak diens voel. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL

- Skryf SEWE redes neer waarom 'n besigheid moet adverteer.
- Skryf elke rede in 'n volsin neer.
- Skryf die rede in jou eie woorde neer.
- Skryf die sinne onder mekaar en puntsgewys van nommer 1 tot 7 neer.
- Laat 'n reël oop tussen die sinne.
- Die opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**Waarom moet 'n besigheid adverteer?**

Die uitsluitlike doel van 'n besigheid is om produkte en dienste te verkoop om wins te maak. Advertensies help die verbruiker om besluite te neem oor watter produkte of diens hulle wil hê.

'n Besigheid se mededingers adverteer. Daar is soveel kliënte wat na jou produk soek en dalk het hulle net jou mededinger se advertensie gesien.

Skep verkeer – hoe meer klante jou winkel binnekom, hoe beter is die kans van verkope en 'n verwysing.

Almal wil nie noodwendig nou jou produk koop nie. Deur jou advertensie gedurig onder hulle neuse te hou sal die klant dadelik jou produk koop wanneer hulle gereed is om die produk te koop.

Laat die publiek weet die besigheid bestaan nog en die produkte is nog beskikbaar. Baie van hulle is lojaal en sal altyd weer terugkom na 'n ou verskaffer.

Versterk jou beeld – dit is baie goed om klante te verseker van jou goeie diens in die verlede sodat hulle weer terugkom na jou toe.

Omskep begeertes in behoeftes. Die maatskappy maak dubbel en dwars wins met verkope omdat kopers oortuig word dat hul begeertes eintlik behoeftes is. Kopers moet dink hulle kan nie sonder jou produk leef nie.

Henry Ford het gesê die man wat ophou adverteer om geld te spaar, is soos die man wat die horlosie stop om tyd te bespaar.

[Aangepas uit: *trimobekostigbaarhede.com*] **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: KYK

## VRAAG 4: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie deur en beantwoord die vrae.

**VLAGSKIPBURGERS!!**

i'm lovin' it

McDonald's het sy ontstaan in 1940 toe die broers Richard en Maurice McDonald 'n restaurant in San Bernardino, Kalifornië en is later deur Ray Kroc uitgebou tot 'n internasionale handelsmerk met takke in 119 lande. Suid-Afrika se eerste McDonalds is in 1995 in Blackheath, Johannesburg geopen.

**Aantal restaurante vandag in SA: 170**




BURGER KING

Keith Kramer en Matthew Burns het die eerste Insta-Burger King in 1953 in Jacsonville in Florida begin. Dit het in 1959 Burger King geword en het takke in meer as 70 lande.

**Aantal restaurante vandag in SA:** Suid-Afrika se eerste Burger King het vroeër die week in Heerengracht geopen. Takke vir Constantia en Durbanville word ook beplan.




STEERS

John Halamandaris het die eerste Steers in 1970 in Jeppe, Johannesburg geopen. Die restaurant was eers die Golden Spur, maar is later herdoop na Seven Steer en daarna na Branded Steer en Longhorn Steer totdat dit uiteindelik net Steers geword het.

**Aantal restaurante vandag in SA: 505**






[Bron: *grafika 24.com*]

**VRAE:**

4.1 Hoe word mense se aandag deur hierdie advertensie getrek? (1)

4.2 Op watter manier kan jy besluit watter burger om te koop? (1)

4.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.3.1 'n Vlagskipburger is 'n burger …

A wat heel eerste gemaak is.
B wat die lekkerste smaak het.
C wat die duurste bestanddele het.
D wat die beste verkope verseker.

4.3.2 Die naam van die oudste restaurant wat hier geadverteer word:

A MacDonalds
B Burger King
C Wimpy
D Steers

4.3.3 'uitgebou tot 'n internasionale handelsmerk' beteken dit is … bekend.

A wêreldwyd
B in Suid-Afrika
C in Sub-Sahara
D landswyd

(3 × 1) (3)

4.4 Voltooi die sin hier onder:

Wimpy se naam is geïnspireer deur 'n animasiekarakter met die naam …. (1)

4.5 In watter restaurant kan jy 'n Whopper eet? (1)

4.6 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is? Staaf die antwoord.

Steers se oorspronklike naam was Longhorn Steers. (2)

4.7 Watter groep het die meeste restaurante in Suid-Afrika? (1)

4.8 'Die doel van hierdie advertensies is om die leser te vermaak.'

4.8.1 Stem jy saam met hierdie stelling? (1)

4.8.2 Motiveer jou antwoord. (1)

4.9 Hoekom dink jy is dit nodig om al die restaurante hier te adverteer? (1)

4.10 Dink jy hierdie advertensie moedig gesonde eetgewoontes aan? Staaf die antwoord. (2)
**[15]**

**VRAAG 5: STROKIESPRENT**

Lees die strokiesprent hier onder en beantwoord die vrae.




[Uit: Grafika 24.com]

**VRAE:**

5.1 Wie hou die prentjie in die lug in raampie 1? (1)

5.2 Hoe kan jy die antwoord in VRAAG 5.1 bewys? (1)

5.3 Hoekom dink jy het die persoon in raampie 1 gesê dat die antwoord onder die klip is? (1)

5.4 Verduidelik wat met 'afgesaagde grappie' in raampie 2 bedoel word? (1)

| | | |
|---|---|---|
| 5.5 | Haal 'n woord uit raampie 2 aan wat dieselfde beteken as slegte of swak. | (1) |
| 5.6 | Bespreek die TWEE leestekens se funksie in raampie 2. | (2) |
| 5.7 | Hoekom word verskillende soorte spraakborrels gebruik? | (1) |
| 5.8 | Op watter TWEE maniere kan die leser sien dat Meester kwaad is? | (2) |
| 5.9 | Sou jy ook soos Meester reageer het in raampie 2? Staaf die antwoord. | (2) |
| 5.10 | Wat is die doel van strokiesprente? | (1) |
| 5.11 | Waarom sal jy sê is raampie 3 humoristies? Gee TWEE redes. | (2)<br>**[15]** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK**

**VRAAG 6: ARTIKEL**

- Bestudeer die artikel op die volgende bladsye aandagtig.
- Voltooi die teks met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld:

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.1 (elke dag) | A Gee een woord |

Antwoord: 1.1 daagliks

Kopiereg voorbehou 

**STUDIEWENKE VIR STUDENTE**

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| Studeer beteken om (6.1 lees) en te ondersoek met die doel om te leer en te verstaan. | 6.1 | Gee die korrekte infinitief. | (1) |
| Indien jy reeds studeer is die regte (6.2 ingesteldheid), die nodige motivering en 'n bepaalde (6.3 doelwit) voor oë nodig vóór (6.4 jy kan wegspring) en beter presteer. | 6.2<br>6.3<br>6.4 | Verdeel die woord in lettergrepe.<br>Gee die verkleiningsvorm.<br>Verduidelik in jou eie woorde wat met hierdie uitdrukking bedoel word. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| Lees deur die (6.5 in + lei) om jou te (6.6 hulp/help) om effektief te studeer. (6.7 Kry jy dit reg om suksesvol te studeer?) Is hierdie daaglikse aksie (6.8) … eie keuse of dink jy dit is maar soos dinge werk of is dit wat jou (6.9 ma en pa) van jou verwag? | 6.5<br>6.6<br>6.7<br>6.8<br>6.9 | Vorm 'n korrekte samestelling.<br>Kies die korrekte woord.<br>Verander vraagsin na stelsin.<br>Vul korrekte voornaamwoord in.<br>Gee een woord vir die omskrywing. | (1)<br>(1)<br>(2)<br>(1)<br>(1) |
| Dit is baie belangrik dat jy die noodsaaklikheid van jou studies besef. Dit is die (6.10 een) noodsaaklike stap om reg te begin. (6.11 Die regte ingesteldheid is 'n keuse) wat jy uitoefen. | 6.10<br>6.11 | Gee die korrekte rangtelwoord.<br>Skryf in die verlede tyd. | (1)<br>(2) |
| Motivering kom van (6.12 buite) af. Wanneer jy werklik besluit om (6.13 verantwoordelikheid) vir jou eie sukses te neem, sal jy tot aksie oorgaan. Jy moet egter (6.14 ken/weet) dit is nie maklik nie. (6.15 Jy sal die regte besluite neem.) | 6.12<br>6.13<br>6.14<br>6.15 | Gee 'n antoniem vir die woord.<br>Gee die meervoudsvorm.<br>Kies die korrekte woord.<br>Skryf oor in die passiewe/lydende vorm. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(2) |
| Jy is die een wat jou omstandighede die beste ken. (6.16 Moenie met jou ouers of onderwysers praat nie) indien jy hulp nodig het om (6.17 realisties) besluite oor jou toekoms te neem. | 6.16<br>6.17 | Gee die teenoorgestelde sin.<br>Gee die korrekte vorm van die woord. | (1)<br>(1) |
| (6.18 Jy kry jou gesindheid reg). (6.19 Jy kan jouself motiveer, maar dit is jou doelwitte wat jou help) as dit moeilik raak. | 6.18<br>6.19 | Verander stelsin na bevelsin.<br>Skryf die sin oor en vervang die voegwoord **maar** met **omdat**. | (2)<br>(2) |
| (6.20 Jy is nou self verantwoordelik vir jou studies.) | 6.20 | Skryf die sin in die toekomende tyd. | (2) |
| Wanneer dinge (6.21 moeilik) raak, moet jy vashou aan jou droom of doelwit. | 6.21 | Gee 'n sinoniem. | (1) |
| (6.22 Ander mense elke dag jou aanmoedig kan) om vol te hou wanneer dinge moeilik raak. | 6.22 | Skryf in die korrekte woordorde. | (3) |
| Beplanning en toewyding is noodsaaklik indien jy goeie studiegewoontes wil aanleer. | | | |

| Hier is algemene wenke wat kan help: | | | |
|---|---|---|---|
| Sukkel jy om die tyd in die klas te benut? Onthou dan die (6.23 vlg.) | 6.23 | Skryf die afkorting volledig uit. | (1) |
| • Stel vir jou doelwitte, wees gedissiplineerd en (6.24 hou) daarby. | 6.24 | Gebruik die woord in 'n sin sodat die betekenis verskil. | (2) |
| • Beloon jouself na harde werk met 'n (6.25 ½) uur ontspanningstyd. | 6.25 | Skryf in 'n woord uit. | (1) |
| • Sukkel jy met jou (6.26 konsentreer)? Verdeel jou studietyd in sessies van 25 tot 40 minute. | 6.26 | Verander die werkwoord na 'n selfstandige naamwoord. | (1) |
| • (6.27 Navorsers sê dat jy een sessie suksesvol moet voltooi) dan skep jy moed. | 6.27 | Skryf in die direkte rede. | (2) |
| • Die (6.28 onderwysers) sal bereid wees om jou te help as jy probleme ondervind. | 6.28 | Gee die vroulike vorm van die woord tussen hakies. | (1) |
| Onthou! (6.29 Jy kry iets sonder moeite) want dan is dit nie iets werd nie! | 6.29 | Skryf in die ontkennende vorm. | (2) |

[Bron: *dirkieuys.co.za*]

**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK**

**VRAAG 7: VERGADERINGS**

7.1 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (7.1.1–7.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| status quo; maandvergadering; kwartaalvergadering; jaarvergadering; spesiale vergadering; sake uit die notule; honorarium; presensielys; lief en leed; finansies |

In vergaderingsprosedures is daar verskillende soorte vergaderings. By die (7.1.1) … word die nuwe bestuur verkies. By 'n (7.1.2) … word die punt 'Algemeen' tot die agenda toegevoeg. Indien die organisasie twaalf keer 'n jaar vergader, is dit 'n (7.1.3) …. By alle vergaderings moet 'n (7.1.4) … gesirkuleer word om te bepaal wie teenwoordig is. By elke nuwe vergadering word (7.1.5) … bespreek om die sake af te handel. (5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou 

7.2 Verduidelik elk van die volgende terme:

7.2.1 Kworum

7.2.2 Agenda

7.2.3 Kennisgewing

(3 × 2) (6)

7.3 Noem VIER pligte van 'n sekretaris met betrekking tot 'n vergadering. (4)

**[15]**

**VRAAG 8: ONDERHOUDE**

8.1 Tydens onderhoudvoering word daar verskillende soorte vrae gevra.

Verduidelik waarom die volgende vrae tydens onderhoude gevra word:

8.1.1 Spesifieke vrae

8.1.2 Oop-einde vrae

8.1.3 Geslote vrae

(3 × 2) (6)

8.2 Om voor te berei vir 'n suksesvolle onderhoud neem tyd en energie in beslag.

8.2.1 Gee TWEE redes waarom dit belangrik is om navorsing te doen oor die instansie waar jy vir werk aansoek gedoen het. (2)

8.2.2 Hoe behoort jy vir 'n onderhoud aan te trek? Waarom is dit nodig om so aan te trek? (2)

8.2.3 Hoekom is dit belangrik om vroeër as die onderhoudstyd by die plek te wees waar die onderhoud gaan plaasvind? (2)

8.2.4 Hoekom is dit belangrik om self ook vrae te vra tydens die onderhoud? (2)

8.2.5 Watter liggaamshouding moet jy hê tydens die onderhoud? (1)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou